


LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD**Sondag 28 Augustus 2011**

Oggenddiens 09:30			Jeugdiens 18:00	
	Lied	Bladsy	Lied	Bladsy
1.	Psalm 46:1 & 6	Bl.236	Psalm 105:3	Bl.514
2.	Psalm 99:1, 4, 5	Bl.492	Psalm 104:1,2,19,20,21	Bl.510
3.	Psalm 23:1, 2, 3	Bl.107	Skrifberyming 5-2:3 & 5	
4.	Psalm 116	Bl.569	Skrifberyming 18-1:1 & 3	
5.	Psalm 145	Bl.696	Skrifberyming 13-2 (Amen)	
6.	Skrifberyming 5-4:1,2,5,6			
7.	Skrifberyming 13-2 (Amen)			

**BEROEPING VAN 'N PREDIKANT****DUBBELTAL VAN PREDIKANTE MET DIE OOG OP BEROEPING**

Die kerkraad het die afgelope week 'n dubbeltal saamgestel vir die beroeping van 'n predikant na die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord. Op **Sondag 4 September** sal daar tydens 'n gemeentevergadering 'n predikant deur die gemeente verkies en deur die kerkraad na die gemeente beroep word. Die dubbeltal met die oog op beroeping (met gepaardgaande inligting oor die predikant) is:

- **Ds. Carl Albert (Carel) Jansen (ouderdom: 48jr)**
BA, ThB, Bloemfontein-Suidheuwels 1991-1999,
Welkom-Noord 1999-2006, Secunda 2006.
- **Ds. G (Griffel) van Wyk (ouderdom: 31)**
BTh, Hons-BTh, MDiv, MTh, Kaapstad 2006-2007,
Pretoria-Brooklyn 2007.

**SIMBAAL**

"Prys Hom met galmende simbale"

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]**Jaargang 6****Sondag 28 Augustus 2011****Nommer 23****SONDIGE LIEFDE VIR DIE WÊRELD**

Een van die Satan se suksesvolle metodes om die mens van God afvallig te maak, is die metode van verwêreldliking. Dit is wanneer die Satan die gelowige verlei om die wêreld liever te hê as vir God. Met hartseer skryf Paulus oor *Demas*, sy medewerker, dat hy sy dienswerk vir God laat staan het, omdat hy "*die teenswoordige wêreld liefgekry (het)*" (2 Tim.4:10). Demas was nie meer hart en siel in die saak van God nie. Daarom het die dinge van die wêreld vir hom belangriker geword as die dinge van God se koninkryk. In Romeine 12:2 vermaan God: "*Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie*". Die brief van Jakobus is in sy geheel geskryf om die gelowiges te waarsku teen die gevaar van verwêreldliking. Jakobus skryf "*dat vriendskap met die wêreld vyandskap teen God is. Wie 'n vriend van die wêreld wil wees, wys daarmee dat hy 'n vyand van God is*" (Jak.4:4).

⚡ Dit beteken nie jy moet uit die wêreld wegvlug nie. God het die ganse skepping vir die mens gegee om te geniet en te gebruik.

⚡ Om te lag, te skerts, vol jolyt en plesier te wees verbied God nie. Jy mag deelneem aan die tegniek, kuns, kultuur, politiek, sport ens. ens.

⚡ Die wêreld wat jy nie moet liefhê nie, is dié wêreld van die sondemag wat in opstand is teen God. Dit is die wêreld wat wil wegbreek van God en sy vreugde en lewensdoel gaan soek in die donker dinge wat deur God se wet verbied word. Hiérvan moet jy wegvlug.

⚡ As die wêreldse dinge vir jou belangriker word as jou verhouding met God en die nakoming van sy wet, dán het jy die wêreld liever as die Here en roep Hy jou tot bekering.

Dr Nico van der Merwe



PREKE VANDAG

Dr. Sarel van der Walt



Oggenddiens Tema: **GOD SIEN OM NA ONS IN ONS GERINGHEID**

Lees: Lukas 1:46-55

Teks: Lukas 1:47-48a

Maria begin haar loflied deur die grootheid van die Here te besing. En in skrilte kontras met die grootheid van die Here is die kleinheid van die mens. En daarom juig Maria omdat die grote God na haar in haar kleinheid omgesien het. God het na Maria in haar kleinheid omgesien, maar Hy het nie na haar alleen in haar kleinheid omgesien nie, maar na elkeen wat deur die geloof toevlug soek by God deur Christus. Deurdad Christus gebore is, gely het en in ons plek aan die kruishout geoffer is, het God omgesien na elkeen wat in die geloof vasgryp aan die soenverdienste van Jesus Christus, wat in die geloof verby die dood kyk en die ewige lewe sien wat vir ons bewerk is met Christus se Middelaarswerk.



Aanddiens Tema: **JESUS CHRISTUS, DIE WARE EN ENIGSTE MIDDELAAR**

Lees: Lukas 23: 26 – 43 & 1 Timoteus 2:1-7

Sondag 15

Teks: 1 Timoteus 2:5, 6

Sondag 15 handel oor Jesus se lyde, dit is baie duidelik. Maar ons kan nie sy lyde reg verstaan as ons nie besef dat sy lyde onlosmaaklik gekoppel is aan sy Middelaarskap nie. In ons plek het Hy gely, met ander woorde in ons plek het Hy die toorn, die oordeel en die vloek van God oor die sonde gedra – en die belangrike: Hy het dit in ons plek gedoen sodat ons nie daardeur hoef te gaan nie. En Hy het dit tot die uiterste toe gedoen, tot die einde toe, met ander woorde Hy het ten volle gely – ten volle betaal.



UITNODIGING

Halfeeuftes van die Gereformeerde Kerk Orkney

Die Gereformeerde Kerk Orkney is op 3 Desember 1961 gestig. Die gemeente dank en eer die Here vir sy 50 jaar van genade en seën. Die halfeeuftes word gedenk die naweek van 26 en 27 November 2011.

Lidmate van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord wat op een of ander wyse betrokke was by die Gereformeerde Kerk Orkney, word hartlik uitgenooi om Saterdag, 26 November 2011 saam met Orkney se lidmate te kom verkeer en Sondag, 27 November 2011, Nagmaal te vier, met die nodige toestemming van hulle kerkrade. Lidmate wat die feesgeleentheid wil bywoon, skakel asseblief met Freddie Rust n/u by 018-473-3041 of met Anita Snyman by 018-473-3533, sodat die nodige reëlings getref kan word. Orkney sien daarna uit om almal tydens die feesgeleentheid te ontvang.

Met die oog op 'n gedenkboek, word lidmate met interessante herinneringe, foto's of enige ander inligting oor die verlede van Orkneygemeente, vriendelik versoek om dit aan ons te stuur na: **Posbus 493, Orkney 2620**. Belangstellendes word ook uitgenooi na 'n Gholfdag, DV Saterdag, 1 Oktober 2011 op Orkney se pragtige gholfbaan. Kom neem deel van vroeg tot laat. Vir verdere inligting skakel met Mickey Daniel: 082-552-8031.



LIDMATE TER APPROBASIE VOORGEHOU

Die volgende lidmate word deur die kerkraad ter approbasie aan die gemeente voorgehou vir die besondere dienste. As **diakens**: brs Niel Lemmer, Kota Cloete, srs Marlene Lemmer, Ronel de Klerk, Marietjie van Aswegen, Tina Stols, Elmarie Kruger, Ansie van Vuuren. As **ouderlinge**: Brs. Frans Smit, Hennie van Rooyen, Nic Lemmer, Chris van Vuuren, Chris Brits, Jan de Klerk jr. Vandag kom die 3-weke approbasietydperk ten einde. As daar geen besware ontvang is nie, word die betrokke lidmate geroep tot die onderskeie dienste, waarna hulle, indien hulle die roeping opvolg, in die ampte bevestig sal word op 'n datum soos deur die kerkraad bepaal sal word.



VOLGENDE JEUGDIENS

Soos reeds in 'n vorige berig deurgegee, het die kerkraad besluit om een keer per maand die aand-erediens toe te spits op die jeug. Vir gerieflike skedulering word beoog om elke eerste Sondagaand van die maand (uitgesluit vakansies en langnaweke) so 'n erediens te beplan. **Die volgende 'jeugdiens' is daarom volgende Sondagaand 4 September om 18:00.** Soos met die vorige geleentheid, vra ons weer vriendelik dat elke seun iets te drinke sal bring, en elke meisie iets te ete, sodat ons na afloop van die diens weer lekker kan saamkuier.



KERSPROGRAM

Dit is hierdie jaar ons gemeente se voorreg om die jaarlikse gesamentlike kersprogram te reël en aan te bied. Die voorlopige datum hiervoor is Sondagaand 27 November 2011. Lidmate word hartlik uitgenooi om deel te neem aan die program by wyse van koorsang, musiekinstrumente of voorlesings. Alhoewel amptelike oefendatums/-geleenthede nog nie vasgestel is nie, nooi ons belangstellendes uit om intussen in verbinding te tree met die volgende persone:

Hennie Venter – 082 324 2713

Martie Venter – 073 826 3526

Beide kan ook per epos bereik word by eisi@vodamail.co.za



- ✘ Simonides, 'n Griek uit die ou tyd, het gesê dat hy nooit spyt gehad het dat hy geswyg het nie, maar wel dikwels dat hy gepraat het. 'n Dame wat dit gehoor het, het opgemerk: "Simonides het verdien om getroud te wees!"
- ✘ Wat doen kwelling? Dit ontnem môre nie sy verdriet nie, maar dit ontnem vandag sy krag. Dit help nie om aan die euwel te ontkom nie; dit maak jou ongeskik om dit die hoof te bied wanneer dit kom.
- ✘ Tydens 'n kongres van die Evangeliese Joernaliste wat in Hamburg gehou is, het die volgende titel op die agenda gestaan: *Waarom is dit so dat die hemel hom verheug oor 'n sondaar wat hom bekeer en die koerante verheug hulle oor 'n sondaar wat sondig?*

BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

BEROEPE ONTVANG

- Ds. AN du Plessis van Postmasburg na Bothaville.
- Ds. JC van Dyk van Ventersdorp na Krugersdorp as medeleraar.

BEROEPE BEDANK

- Ds. AN du Plessis van Postmasburg na Wolmaransstad.
- Ds. TJ van Vuuren van Heilbron na Bothaville.



- ✘ 'n Godvresende mynwerker in Engeland het geglo aan die woorde van die Bybel: "Vir hulle wat God liefhet, werk alles mee ten goede", en daarom het hy altyd as hy met moeilikheid te kampe het, gesê: "Alles dien ten beste." Op 'n sekere dag, toe hy op die punt staan om met sy kamerade in die 1000 voet myn neergelaat te word, gryp 'n hond sy karige ontbyt en hol weg. Hulle kon nie langer vir hom wag nie en sak sonder hom af. Sy maats spot met hom: "Alles dien ten beste". Ook hierdie geval was dit hom ten beste – die kabel het gebreek en almal het hulle doodgeval. "Alles dien ten beste!"



GEMEENTE-ETE OP SONDAG 28 AUGUSTUS 2011

Vandag kom die gemeente saam vir middagete. Dit is nie soos gebruikelik 'n bring-&-braai nie aangesien die weer hierdie tyd van die jaar baie onvoorspelbaar kan wees. Die reëlings vir die ete is die volgende:

Elkeen gesin bring die volgende saam:

- Gaar vleisgereg (koud of warm).
- Slaai en/of groente-gereg.
- Nagereg.

'n Gesamentlike tafel word in die saal gedek en almal eet dan saam. Elkeen bring eie eetgerei, iets te drinke en gemoedelike saamkuier gesindheid. Vir diegene wat wil kan ons reeds direk na die diens stoele gereedmaak om te kuier en almal kom bymekaar in die saal om 12:00 en die ete sal om 12:30 wees.



KOLLEKTES

Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
28 Augustus	Barmhartigheid	GKSA Jeugsorg
4 September	Barmhartigheid	GKSA Sustentasiefonds
11 September	Barmhartigheid	GKSA Emeritaatsfonds
18 September	Barmhartigheid	Sustentatie Khuma

**GEMEENTEPROGRAM**

Sondag 28 Augustus tot Saterdag 1 September 2011

Sondag 28 Augustus	Oggenddiens Nagmaal	09:30-10:30
Sondag 28 Augustus	Gesamentlike Middagete	12:00
Sondag 28 Augustus	Aanddiens	18:00-19:00
Dinsdag 30 Augustus	Vergadering Diakens	18:00

**TEESKINKBEURTE**

Sondag 28 Augustus 2011	Geen teeskink/nagmaal
Sondag 4 September 2011	Wyke 06 & 07
Sondag 11 September 2011	Wyke 08 & 09
Sondag 18 September 2011	Wyke 10 & 11

**Verjaarsdae**

28 Aug	Eduard Booyesen	Wyk 12	018-468-1696
28 Aug	Mari van Greuning	Wyk 21	072-457-8931
29 Aug	Anna Venter	Wyk 24	083-494-4723
31 Aug	Suzanne Sterley	Wyk 05	018-468-5628
1 Sept	Jan de Klerk (Sr)	Wyk 14	018-468-3431
3 Sept	James Cunningham	Wyk 05	018-464-1789
3 Sept	Ria Lombard	Wyk 01	071-620-1003
3 Sept	Nicola vd Walt	Wyk 21	018-462-8486

Elkeen van die verjaardagmense word van harte gelukgewens met hulle herdenking. Die seën en liefde van God word u toegebied.



✘ D

ie gebed is soos 'n fynbesnaarde instrument. Om dit goed te bespeel is 'n kuns, 'n heilige kuns. Miskien is daar geen groter kuns as die kuns om te bid nie.

LIEF-EN-LEED & VOORBIDDING

- **Sr. Tersia van der Merwe** (dr Nico se vrou) is verlede Maandag in die Jakaranda Hospitaal, Pretoria, geopereer vir die herstel van die karpale tunnel van die regterhand. Die operasie het baie suksesvol afgeleë en sy en dr Nico is weer terug in Klerksdorp. Ons bid haar 'n mooi herstel toe!
- **Sr. Ansie Jansen van Vuuren** is die afgelope Sondag in Pretoria-Oos Hospitaal opgeneem met 'n erge maag-aandoening. Sterkte en beterskap!
- **Sr. Magda van der Walt** ondergaan môre 'n knie-operasie in Wilmed. Seën op die operasie!
- **Br. Paul Vorster** verbeter baie mooi in Wilmed se intensiewe sorg. Ons dank ons hemelse Vader vir die mooi beterskap.
- **Br. Robert Viljoen**, die jongste seun van **Johan en Felecity Viljoen**, is tans besig by Puk met sy Meestersgraad in Risikobestuur Finansiële. Hy is deur die Universiteit van Amsterdam gekies om vanaf Oktober tot Desember sy studies daar voort te sit. Ons is trots op sy mooi prestasies, baie geluk!
- **Sr. Ria van Dyk** het die afgelope week met chemoterapie begin. Ons bid haar baie sterkte toe daarmee!



✘ *Jy kan al die bloeisels van jou lewensboom in die lentedag van jou jeug afpluk, maar dan moet jy nie vrugte verwag in die wintertyd van jou ouderdom nie.*

KATKISASIE DEUR PREDIKANT

Soos vroeër al berig, het die kerkraad dit goedgekeur dat die predikant eenkeer per kwartaal vir al die kinders saam katkisasie gee. Die wenslike sal wees om die laerskool en hoërskoolkinders tydens aparte geleentede te onderrig, maar vir die eerste geleentheid gaan al die kinders (laerskool en hoërskool) saam 'n klassie ontvang, synde dit ter inleiding sal wees tot lesse wat later (en dan afsonderlik vir laerskool en hoërskool) aangebied gaan

word. *Die eerste van hierdie kerkisasie-geleentede is volgende Sondag 4 September in die gewone tydgleuf na die oggenddiens in die kerkgebou.*

